NG Kerk Vrystaat
Vennote in Getuienis

Ligdraers

Desember 2019 ~ Nuusbrief

DR NICO MOSTERT AANGEWYS AS NUWE SEKRETARIS VAN VENNOTE IN GETUIENIS

Vanaf 1 Januarie 2020 sal Dr Nico Mostert die nuwe sekretaris vir Vennote in Getuienis wees. Dr Mostert ontvang dan demissie van die NG Gemeente Hugenoot, waar hy goeie werk as gemeenteleraar gedoen het. Vennote in Getuienis verwelkom hom graag as die nuwe uitvoerende amptenaar! Hy is uitstekend gekwalifiseer vir hierdie pos. Hy was ook vir 'n aantal jare die leraar van die Dutch Reformed Congregation of Lusaka in Zambië. Nico het daar 'n belangrike rol gespeel om hierdie gemeente, wat toe nog hoofsaaklik die Afrikaanssprekende mense in Zambië bedien het, in 'n multikulturele gemeente te verander, wat mense in Afrikaans en Engels bedien. Hierdie lewenskragtig gemeente is 'n uitstekende voorbeeld van 'n multikulturele gemeente wat mense van verskillende tale, kulture en rasse saamsnoer in 'n eenheid, maar waarin daar genoeg ruimte vir die verskeidenheid gemaak word.

Die gemeente Hugenoot is eweneens 'n multikulturele gemeente, waarin 'n sterk Chinese en Sesotho bediening saam met die Afrikaanse bediening in die een gemeente integreer word, op so 'n wyse dat daar ruimte vir al die onderskeie taalgroepe geskep word. Dis 'n ware inklusiewe gemeente - met verskeidenheid binne die eenheid. Nico het onlangs 'n baie goeie PhD tesis oor multikulturaliteit voltooi.

Nico sal voortgaan om al die tradisionele vennootskapsverhoudinge waarin die NG Kerk Vrystaat staan, uit te bou. Hy sal egter ook daarop fokus om gemeentes van die NG Kerk Vrystaat te help om multikulturele bedieninge te vestig, sowel as om sinvol by missional-diakonale projekte gerig op heling van ons gebroke gemeenskappe, betrokke te raak. 10% van sy tyd word ook uitgekoop deur NetAct, 'n instansie wat 'n ondersteuningsnetwerk vir 'n groot aantal teologiese opleidingsinrigtings in veral Suider Afrika daarstel. Binne al die bestaande vennootskappe fokus Vennote in Getuienis buitendien al hoe meer op die opleiding en toerusting van inheemse bedienaars; die NetAct werk sluit dus nou aan by wat reeds binne Vennote in Getuienis gebeur.

Vennote in Getuienis vertrou dat hy baie gelukkig in dié nuwe werksomgewing sal wees. Ons bid en vertrou dat daar veel geseënde vrug op sy arbeid sal wees.

Mostert-gesin

Van links (bo): Jan-Albert, Nico en Nielbert.

Van links (onder): Wilna en Marinel.

Tel: +27 (0) 51 406 6729 | Faks: +27 (0) 86 775 0975 | E-pos: missie@ngkvs.co.za | Posbus 11412 | Universitas 9321

NUWE BENADERING TOT DIE BEDIENING IN LESOTHO

In die lig daarvan dat noodsaaklike werk in die toekoms met veel minder fondse voortgesit sal moet word, is daar onlangs weer 'n gesprek met gemeentes in Lesotho gevoer. Die NG Kerk Vrystaat is nou vir meer as 60 jaar by hierdie werk betrokke. Op 'n stadium (onlangs nog) het die Vrystaatse sinode die poste van vyf Afrikaanssprekende sendelinge en 'n aantal Sesotho-sprekende leraars en evangeliste in Lesotho gedra. Meer as 24 kerke, elk met 'n pastorie, is dwars oor Lesotho opgerig. Hierdie was 'n gesamelike werk van die NGKA en die NGK. Tans dra Vennote in Getuienis net nog by tot een Sesotho-sprekende leraar se salaris. Gemeentes soos byvoorbeeld Hoopstad help om enkele geestelike werkers te besoldig. Lesotho is inderdaad 'n baie arm land - een van die heel armste in die wêreld! - en die klein gemeentes kan nie self die werkers bekostig nie. Ouderlinge en diakens moet dus voortaan die werk doen, sonder betaling, op hul eie koste. Vennote in Getuienis en individuele gemeentes wat graag betrokke wil raak, sal help om hierdie "bedienaars" toe te rus. Die Vrystaatse kerk draai dus nie die rug op hierdie werk wat oor jare gevestig is nie, maar probeer om dit op nuwe maniere voort te sit en te ondersteun.

'n Gesprek by NGKA Van Rooyenshek tussen die NG Kerk en die NG Kerk In Afrika.

NG Kerk In Afrika Van Rooyensnek-kerkgebou.

DIT GAAN GOED MET DIE WERK IN JAPAN

Missie Japan se uitvoerende komitee het onlangs in Johannesburg vergader. Dit bestaan uit verteenwoordigers van die Reformed Church in Africa, die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika, die Sinodes van die NG Kerk Wes-Kaap en die Vrystaat en die Sentrale ring van die NG Kerk Vrystaat. Missie Japan koördineer die vennootskap met die Reformed Church in Japan (RCJ) en die administrasie word in Vennote in Getuienis se kantoor gedoen. Hierdie is 'n "geloofsending" wat afhanklik is van vrywillige bydraes van oraloor. Dit het nogal 'n groot begroting, want die lewenskoste in Japan is baie duur en die Rand-Yen wisselkoers maak dit al hoe moeiliker om die koste te dra. Maar die Here voorsien elke jaar wonderbaarlik!

Uitvoerende Bestuur: Missie Japan

Van links (bo): Gideon, Tobie, Nico, Johann, Danie, Rikus, Pieter, Sarel en Kovilan.

Van link (onder): Annalie, Victor, Karisma en Elsabé.

Tel: +27 (0) 51 406 6729 | Faks: +27 (0) 86 775 0975 | E-pos: missie@ngkvs.co.za | Posbus 11412 | Universitas 9321

Tans werk Prof Stéphan van der Watt as dosent by die Kobe Gereformeerde Teologiese Seminarium waar hy leraars vir die RCJ oplei, maar ook vir ander gereformeerde kerke in die Ooste. Carina, Stephan se vrou, help met ‘n kinder- en gasvryheidsbediening. Elmar en Nadine du Rand is tans besig met hulle taalstudie in die stad Kobe en sal DV vanaf 2021 voltydse sendelinge wees. Gys en Linda Olivier hou skool by ‘n Christenskool vir meisies. Die verhouding met die RCJ is hartlik en ons sendeling en hulle bydrae daar word baie waardeer. Missie Japan is ‘n mooi verhaal van kerke wat nou vir byna 50 jaar saamwerk.

DIE VRYSTAATSE KERK EN DIE REFORMED CHURCH IN AFRICA – SUSTERKERKE IN NOUE VENNOOTSKAP

Die NG Kerk Vrystaat is reeds vir meer as 40 jaar ten nouste by die Reformed Church in Africa (RCA) betrokke. Ons ondersteun veral ook die RCA Gemeente van Emmanuel in Durban. Tans is Ds Wessel Cronjé die leraar van die gemeente. Hy en sy gesin doen onder moeilike omstandighede baie mooi en gewaardeerde werk.
Die RCA is ‘n klein minderheidskerk, binne Moslem en Hindoe gemeenskappe. Die kerk staan voor groot uitdagings. Vennote en Getuienis ondersteun die kerk en speel veral ‘n belangrike rol om hulle te help met die opleiding van leraars en om saam te dink oor die mees effektiewe maniere van bediening. Onlangs is daar weer ‘n twee-dae-lange werkswinkel gehou, waar Dr Frederick Marais spesifiek die gesprek oor teologiese opleidingsmodelle kom help fasiliteer het. Die RCA het baie groot waardering vir die ondersteunende rol van Vennote in Getuienis.

Leraars van die RCA asook die NG Kerk wat die jaarlikse CTAM vergadering bygewoon het.